**Huiswerkvel 25 (Hoofstuk 18)**
**MEMORANDUM**

1. Hoe wys die bestuurder in die motor agter Mama dat hy/sy kwaad is vir Mama? (Raampie 1) (2)
*Hy noem haar 'n idioot en hy bal sy vuis.*

2. Kyk na raampie 1 en sê hoe ons weet dat Mama skerp gedraai het. (1)
*Daar is merke op die grond agter haar taxi.*

3. In Raampie 2 sien ons die woorde "NEENAA". – Wat stel dit voor? (1)
*Die geluid wat die motorfiets se sirene maak.*

4. Kies die korrekte bywoord tussen hakies. (1)

Mama is regtig 'n (***roekelose***/versigtige) bestuurder.

5. Gee die gepaste voornaamwoord vir die onderstreepte woorde in raampie 3. (Al drie onderstreepte woorde kry dieselfde voornaamwoord). (1)
*u*

6. Mama se passasier het groot geskrik. Hoe wys die passasier se gesigsuitdrukking dit? (Raampie 3) (1)
*Die passasier se oë is wyd gerek.*

7. In Raampie 4 maak Mama 'n taalfout as sy praat. Skryf die sin waarin die fout voorkom, KORREK oor. (1)
*Ek was bang jy vang my omdat ek nie wys dat ek wil draai nie.*

8. Gee die intensiewe vorm van die onderstreepte byvoeglike naamwoord.

Ek was <u>bang</u> jy vang my. *doodbang* (1)

9. Waarom kan ons sê dat hierdie strokiesprent 'n voorbeeld van stereotipering is?
*Dit teken vir <u>Mama</u> (voorbeeld <u>van</u> 'n vrou) as iemand wat nie kan bestuur nie/dom dinge aanvang.* (1)

**[10]**